# BOEKRESENSIES

J Kilian, *Form and style in theological texts*, A guide for use of the Harvard reference system, University of South Africa, Pretoria 1985, 90 pp. Prys R7,50.

Die outeur van hierdie nuttige gids is verbonde aan Unisa se Instituut vir Teologiese navorsing. Vanweë haar betrokkenheid by die publikasies van die Instituut en kragtens haar opleiding is die outeur uitnemend geskik om die gids op te stel.

Op bladsy 1 stel die outeur dit dat die Harvard verwysingstegniek is 'by far the most appropriate'. Op bl 24 is dit versigtiger gestel, naamlik 'the Harvard system is perhaps the easiest for author and editor alike'. Ek verkies nog steeds die voetnoot onderaan die bladsy met 'n verkorte titel en bladsyaanduiding. Veral waar daar meerdere werke van dieselfde outeur aangehaal word, is dit dan met een oogopslag vir die leser duidelik na watter werk van die skrywer verwys word. Die Harvard stelsel is korter maar waar daar meerdere werke van een skrywer gebruik is, moet die leser tog na die boekelys aan die einde van die artikel blaai om te sien watter werk van die skrywer aangehaal word.

Verskillende aspekte word agtereenvolgens behandel, onder andere nummerering, spelling, die gebruik van hoof- en kleinletters, lang en kort aanhalings, die transkribering van vreemde tale, afkortings (het u geweet dat dit *Rev Dr Twining* maar *the Reverend Dr Twining* is) en ook die gebruik van voetnotas indien hulle wel gebruik word. Op bl 16 (par 5.10) is daar 'n fout. Die sin moet lees 'while "BC" is preceded by the year number'. Dit is terloops die enigste tikfout in die manuskrip wat ek teëgekom het maar dit is soos ek die tik- en drukwerk van die Instituut deur die jare leer ken het – foutloos!

Vanaf bl 24 tot 29 word die Harvard metode dan uitvoerig uiteengesit. In die volgende afdeling vind ons 'n bespreking van die wyse waarop werke wat geraadpleeg is, aangegee moet word. Alle aspekte en moontlikhede wat mag voorkom, word bespreek soos byvoorbeeld meerdere outeurs, versamelwerke, artikels in tydskrifte ens. In ses bylaes word die afkortings aangegee van Bybelboeke, Klassieke, Hellenistiese en Vroeë Christelike skrywers, Ou Testamentiese apokriewe, Dooiesee-rolle, Rabbynse literatuur en die Nag Hammadi Codices. Op bl 64 sou mens Clemens van Aleksandrië nie onder die Apostoliese Vaders verwag nie, maar eerder onder die volgende afdeling naamlik Griekse Vaders en Quadratus op bl 65 is 'n Apologeet en hoort onder afdeling 2.2.1.

Verder is die kriterium vir die bepaling van watter werke van die verskillende skrywers opgeneem is in die lyste afkortings nie vir my heeltemaal duidelik nie. Op bl 52 probeer die outeur haarself dek deur te sê dat die lyste nie volledig is nie en vir 'easy reference' is, maar dan sou bekende en veelgelese werke van Augustinus soos sy *Enchiridion, Epistulae, De fide et symbolo, Sermones* en *De spiritu et littera* en Tertullianus se (belangrikste?) werke *Adversus Praxean, Apologeticus* en *De spectaculis* ook onder die afkortings opgeneem moes gewees het.

Ten slotte is daar 'n onderwerpsindeks om enige naslaanpoging te vergemaklik. Vir die student wat 'n skripsie wil skrywe, al is dit in Afrikaans, en vir almal wat artikels skrywe is dit 'n nuttige en onontbeerlike gids. Ons dank en waardering aan mev Kilian wat die dik boeke oor verwysingstegniek vir ons kort en eenvoudig saamgevat het.

*C F A Borchardt*

S Fowler, *Biblical studies in the Gospel and society*, Potchefstroom University for Christian Higher Education, Potchefstroom 1985, 136 pp. Prys R7,50.

Die skrywer se doel met hierdie werk is om te waarsku teen 'n wanbalans tussen per-

soonlike vroomheid aan die een kant en betrokkenheid by die gemeenskap aan die ander kant. Die een mag nie sonder die ander nie. Hy benader hierdie onderwerp deur middel van 'n reeks kort studies met geselekteerde tekste uit die Ou en Nuwe Testament om 'n bepaalde aspek van sy onderwerp te rugsteun. Die werk is onderverdeel in drie hoofstukke met subtitels.

In die eerste hoofstuk, "Die wêreld waarin ons lewe", word aangetoon dat die wêreld Gods goeie skepping is en dat dit 'n dinamiese skepping is, maar abnormaal ('abnormal'). Dit is egter 'n verloste wêreld. In die tweede hoofstuk, "Die Woord van God in die wêreld", word nagedink oor die ordeningswerk van die Woord (mensgeworde Woord en Skrifwoord) in die wêreld. In die derde hoofstuk, "Die koninkryk van God en die wêreld van die mens" (man's world), word die verhouding kerk, wêreld en koninkryk bestudeer.

'n Mens moet in gedagte hou dat jy hier met 'n reeks studiestukkies te doen het en dat die skrywer daarmee seker nie sou wou aanspraak maak op volledigheid nie. 'n Aanduiding daarvan is dat hy aan die einde van elke hoofstuk nie alleen 'n oorsig van die hoofstuk aanbied nie, maar ook tekste en temas vir verdere studie aan die hand doen. Studiestukke as resultaat van jare se werk, sal ook moeite gee om aaneenlopend en logies te sistematiseer. Die onderwerp as sodanig verleen hom ook vir verskil van mening.

Tog sou aan so 'n werk bepaalde eise gestel kan word, byvoorbeeld heldere formulering en definisie. Selfs die titel van die boek lees nie lekker nie: "Biblical studies in the Gospel and society". Uit wat hier bo gesê is, kan die skrywer se bedoeling gesnap word, maar die titel sou tog meer presies geformuleer kon word. In so 'n studie sou 'n mens ook 'n oorsig wil hê van die verskillende betekenisse wat 'n sleutelbegrip soos 'wêreld' in die Bybel het. Wat bedoel die skrywer presies as hy praat van kerk of koninkryk of gemeenskap?

Maar juis hierdie vrae asook die opset van die werk kan dit 'n handige middel maak as vertrekpunt vir privaat of groepstudie.

*P P A Kotzé*

C van der Waal, *Die wêreld is ons woning,* NG Kerkboekhandel, Pretoria 1985, 47 pp. Prys R5,60.

Hierdie is waarskynlik die laaste boek wat van wyle dr Van der Waal verskyn. Dit is gebaseer op 'n toespraak van 1980 voor die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys in Bloemfontein wat hy op aanvraag vir publikasie verwerk het.

Dr Van der Waal was 'n heel unieke Pretorianer. Hy is aan die Gereformeerde Theologische Hoogeschool van Kampen opgelei, en het vir nege jaar verskillende gemeentes in Nederland bedien voor hy in 1954 geëmigreer het. In Pretoria was hy predikant van die Vrijgemaakte Gereformeerde gemeente. Hy het tweemaal gepromoveer: in die Nuwe Testament, sowel as in die Kerkgeskiedenis.

Dié wat hom geken het, sal in hierdie boekie dadelik sy wye kennis van die Teologie, en sy tipiese sprankelende styl herken. Waar die boekie oor kultuur handel, is dit ook deurspek van allerlei kultuurprodukte soos gedigte en afdrukke van skilderye — soos min teoloë hom dit sou kon nadoen.

Hy benadruk d.m.v. diepgaande eksegese van tekste dat die Bybel nie anti-kultureel is nie, maar die kultuurtaak met groot erns aan ons opdra. Dié taak is geen algemene taak nie, maar is volgens die Bybel onlosmaaklik aan die genade verbonde. Daarom behoort Christene weer spesiale skole vir Christelike onderwys in te stel, en behoort daar Christelike dagblaaie te wees.

Ons taak is om namens Christus oor die aarde te heers. Die evangelie is nie net die

verlossing van die innerlike mens nie, maar ook ons instaatstelling om Christus se heerskappy oor die aarde uit te brei. In die prediking moet meer van die bevel van die groot Koning tereg kom.

Ek noem twee punte van kritiek.

1. Die eksegese is soms so oorspronklik en uniek, dat 'n mens wonder hoe waarskynlik die bevindings is.

2. Dit is 'n vraag of die skrywer die onderskeid tussen kerk en staat genoegsaam raaksien. As alles verchristelik moet word, word daar genoeg ruimte gelaat vir die feit dat die regering o.a. op die samewerking van die burgers waarvan baie nie Christene is nie, gebaseer moet word? Skrywer wil steeds by art 36 van die NGB staan, maar ek meen dat die staat 'n heel aardse taak het, nl. om die voortgang van die lewe moontlik te maak, wat van die taak van die kerk onderskei moet word.

Basies is dr Van der Waal se standpunt egter gesond, en help die boek die leser om te sien in hoe 'n mate die sekularisasie ons saamgesleep en ons ons Christelike kultuurtaak verwaarloos het.

*Willem Nicol*

Jansie van der Walt, *Calvin and his times*, Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, Reeks F: Instituut vir Reformatoriese Studie, F2: Brosjures, nommer 32, 1985, 154 pp. Prys R7,50.

Hierdie boekie is meer uitgebreid as ander bydraes in dieselfde reeks en gevolglik ook iets meer as 'n blote inleiding van die onderwerp. Daarby is dit meer boek as brosjure met twee belangrike bylaes vir die werklik geïnteresseerde leser: 'n lys waarin sekere woorde en begrippe wat in die werk voorkom, verklaar word en 'n bibliografie.

Sekere tendense kenmerk die skryfster se hantering van 'n veelbeskrewe onderwerp.

Die eerste is dat sy wyd daaroor gelees het én dit onteenseglik beheers. Vir Calvyn se standpunt oor die huwelik haal sy byvoorbeeld aan uit sy preke uit Efesiërs en Kolossense (p. 67) terwyl sy ook telkens blyke gee van ándere se menings oor bepaalde aspekte van Calvyn se lewe (p. 18 ens.)

Hiernaas, en eg Calvinisties, vloei die leer en lewe van Calvyn by haar gemaklik ineen. Sy gebruik sy diepste religieuse dryfvere om lig op sy persoonlike oomblikke van ontsteltenis en vreugde te werp en lê 'n verband tussen die persoon van Calvyn en die waarhede waarvoor hy hom beywer het. Dit alles plaas sy ook in die perspektief van die destydse politieke en sosio-ekonomiese omstandighede in Europa. Eienskappe van die bekende Hervormer as "menslike" mens kom goed uit die doeke. Ek verwys hier na sake soos die gebrek aan sorg vir sy eie liggaam as persoonstrek by Calvyn (pp 12, 73 ens.), Calvyn as weloorwoë en nie impulsiewe mens. (Sy "tydsaamheid" om te breek met die Roomse Kerk én deeglike oorweging voordat hy die herderstaf vir die eerste keer in 1536 in Genêve opneem, word aangedien as voorbeelde, p. 38). Calvyn as die bevreesde wat liewer die intimiteit van die studeerkamer as die felle strydperk van die kerk- en lewenshervorming wou kies, maar desondanks aan God se roepstem tot laasgenoemde gehoor gegee het (pp. 38 tot 39), die grootheid van die Hervormer wat pleit vir Alberge wat hom valslik beskuldig en ook aangerand het (p. 75), hy wat die mediese koste ens, dra en dag en nag waak by die siek familielid van 'n vriend (p. 100), sy simpatie en hulp by die nood van andere en sy bereidheid om sy diepste gevoelens weer te gee (pp. 106, 117 ens.). In hierdie bladsye leer

ons 'n ander Calvyn ken as die strakke, onverdraagsame en onbuigbare mens wat sommige wat op punte soos die uitverkiesing van God, die kerklike tug en die noodsaak van 'n sobere lewe voor God met hom verskil, van hom maak. Maar ons leer hom veral ken as die roepingsbewuste ("Aan God alleen die eer!") wat glo dat hy deur God geroep is en van laasgenoemde, eerder as van homself, afhanklik is vir die vervulling daarvan.

Derdens kom die skryfster in die loop van haar verhaal op bevatlike en kernagtige wyse by die standpunte van Calvyn oor 'n verskeidenheid van sake uit. Voorbeelde hiervan is sy leer oor Christus se teenwoordigheid by die nagmaal (p. 41), die noodsaak van die kerklike tug (p. 48), sy vereistes vir goeie Psalmmelodieë (p. 60), sy afwys van 'n te ligtelike opvatting van die eenheid van die kerk en die plig wat elkeen het om hom of haar by die ware kerk te voeg (p. 63), sy "moderne" siening van die huwelik (p. 67 en 135) ens.

Aan 'n persoonlike affiniteit vir die leer van Calvyn ontbreek dit die skryfster sekerlik nie. En tog handhaaf sy deurgaans 'n nugterheid waardeur sy baie wen aan geloofwaardigheid. 'n Hoogtepunt wat alle kante van die saak goed belig, is haar weergawe van die verbranding van Servet (pp. 107, 126 vv.) Hiernaas maak die verhaaltrant van die boek dit toeganklik vir meer mense — die doel met hierdie reeks soos elders deur die direkteur van die IRS aan die PU vir CHO verwoord.

'n Paar kritiese opmerkings is ook gepas. Dit slaan egter nie op die werk in sy geheel nie.

Sommige bewerings oor die historiese verloop van gebeure in die lewe van Calvyn word onbevredigend toegelig. Miskien is 'n gebrek aan ruimte (dit wil voorkom asof die skryfster haarself op sekere plekke beperk) daarvoor die rede. Nogtans, dit bly 'n leemte. So is dit sekerlik van belang om te weet hoe die wending van die Roomse Katolisisme tot die Protestantisme hom in Calvyn voltrek het. Van der Walt kom tot die konklusie dat dit min of meer in 1534 ná Calvyn se vlug uit Parys (na sy vriend Cop se bekende reformatoriesgesinde intreerede en 'n gevolglike bedreiging van die plaaslike Roomse kerklikes en "stadsparlement") moes plaasgevind het. Sy maak ook die stelling dat daar geen afdoende getuienis is dat Calvyn Cop by die opstel van hierdie rede kon gehelp het nie (hoewel verskeie historici van die teendeel oortuig is), omdat Cop duidelik swaar op die geskrifte van Luther en Erasmus gesteun het (p. 21). Ook ontken sy die moontlikheid van enige religieuse beïnvloeding van Calvyn deur sy vroeëre Griekse leermeester en 'n persoon by wie hy ingewoon het rondom 1530, die oortuigde Lutheraan Wolmar (p. 13). En tog beweer sy dat Calvyn by die sterfbed van sy vader in 1531 "no doubt agreed with Erasmus" dat die Roomse aflaatstelsel ens. nie die sonde afwas nie (p. 14)! In feite handhaaf sy 'n waterdigte skeiding tussen die voor-reformatoriese (met geen "Lutherse" spore) en reformatoriese periodes in die lewe van die Hervormer. Dit kom my kunsmatig en te skerp voor. Byvoorbeeld: As Calvyn dan geen aandeel aan die opstel van die rede van Cop gehad het nie, waarom moes hy ook daarna uit Parys vlug? Dit was tog geen verbeeldingsvlug dat sy lewe ook in gevaar verkeer het nie! En hoekom kon Cop nie ook met die hulp van sy vriend op Luther en Erasmus gesteun het nie?

'n Soortgelyke probleem ontstaan met haar opmerking dat Calvyn teen 1533 nog nie Protestant was nie, omdat hy eers later die kritiese benaming van "Nikodemiete" aan Protestante binne die Roomse Kerk wat bevrees was om hulle geloof te bely, gegee het (p. 20). Die vraag wat dit laat opkom, is: Moet kritiek teen die beeldediens ens. in die Roomse Kerk soos op hierdie stadium moontlik by Calvyn, noodwendig by ons vandag bekend wees? Of, van 'n ander kant gesien, is 'n "oerstadium" in sy hervormingsgesindheid heeltemal buite die kwessie in die geval van hierdie groot Hervormer. Volgens die skryfster moes Calvyn se ommekeer iewers in haar hoofstukke 3 en 4 plaasgevind het. Sy toon dit egter nie duidelik aan nie en verduidelik ook nie die gebrekkige aanduiding nie.

'n Ander belangrike saak waarop Van der Walt kon ingegaan het, is die reaksie vanaf Roomse kant op Calvyn se rede by die konferensie van Lausanne in Oktober 1536. Sy

bydrae verteenwoordig immers 'n soort keerpunt by hierdie byeenkoms wat juis belê is om aan te toon dat die Rooms Katolieke Kerk van die oorspronklike Christelike Kerk afgewyk het (p. 42). Dit het hom ook gevestig as een van die belangrikste woordvoerders van die Reformasie wat hy op daardie stadium reeds was.

In sy geheel gesien, 'n aanbevelenswaardige werk wat ons goed inlei in die wêreld van Johannes Calvyn.

*P J Strauss*

*E P J Kleynhans, Gereformeerde Kerkreg Deel 3: Kerkverband en kerkvergaderinge,* N.G. Kerkboekhandel Transvaal, Pretoria 1985, 185 pp. Prys R14,75.

Prof E P J Kleynhans, professor in Ekklesiologie aan die Fakulteit Teologie, U.O.V.S., voldoen met hierdie derde deel van sy *Gereformeerde Kerkreg,* beslis aan 'n langgevoelde behoefte. Hoewel dit nie uit die titelbeskrywing of Voorwoord blyk nie, is hierdie werk beslis opgestel met die oog op die betrokke kerkregtelike aspekte se neerslag binne die Ned. Geref. Kerk.

In agt hoofstukke poog die skrywer om die veld van die kerkverband en die kerkvergaderinge volledig te dek.

Die *eerste hoofstuk* handel oor die plek van die kerkverband in die Gereformeerde Kerkregeringstelsel. Na 'n definiëring van kerkverband en die noodsaaklikheid daarvan, word 'n vry volledige (historiese) oorsig gebied van die konsilies (tot met die Tweede Vatikaanse konsilie) en sinodes. Na die beskrywing *van al die* protestantse kerkvergaderings tot 1618—19 (Dordrecht) word kortliks gewys op die kerkverband en dié se ontwikkeling binne die Ned. Geref. Kerk, sowel as die feitelike situasie by die Jonger kerke en die Susterkerke.

*Hoofstukke 2 tot 4* handel agtereenvolgens oor die kerkraad, ring en sinode. Daar word by al drie vergaderinge gewys op hulle samestelling, vergaderingstye, konstituering, werksaamhede en funksie. By die behandeling van die sinode se samestelling word ingegaan op die vraag of dit 'n vergadering van kerke, kerkrade of ampsdraers is. Sonder enige kritiese evaluering word elke hoofstuk afgesluit met 'n behandeling van die *status quo* soos dit blyk volgens die kerkorde van die Ned. Geref. Kerk.

In *hoofstuk 5* — die langste hoofstuk — word die Algemene Sinode se ontstaansgeskiedenis in hooftrekke geskets. Naas die samestelling word ook die leiding (moderator, assessor, aktuarius, skriba en breë moderatuur) volledig omskrywe. Net so volledig word die take van die Algemene Sinode beskryf.

Die ekumeniese verband geniet in *hoofstuk 6* die aandag. 'n Oorsigtelike beeld word gebied van die ekumeniese beweging wat uitgeloop het op die WRK, die GES en hoe die ekumeniese beweging die kerke in Suider-Afrika geraak het.

Waar *hoofstuk 7* die bevoegdheid en gesag van die kerkvergaderings beskrywe, is daar uiteraard redelike ooreenstemming oor die bevoegdheid van die kerkraad. By die meerdere vergaderings se bevoegdheid word deeglik ingegaan op die vraag of 'n meerdere vergadering slegs afgeleide dan wel eie, selfstandige gesag het.

*Hoofstuk 8* handel kortliks en oorsigtelik oor die effektiewe funksionering van kerkvergaderings, nl: kerklike sake op kerklike wyse; erkenning van eie gesag; nakoming van die funksie en die eerbiediging van besluite.

Groot waardering moet uitgespreek word vir die wye hoeveelheid literatuur wat deurgewerk en verwerk is in die boek. Ook heel resente bronne geniet die skrywer se aandag.

'n Verdere winspunt is beslis die feit dat daar telkens gewys word op die realisering

van die kerkregtelike beginsels binne Suid-Afrikaanse konteks en by name binne die Ned. Geref. Kerk. Hoewel die kerkhistoriese stof somtyds miskien te veel aandag geniet, bly dit nietemin welkom.

Aan die negatiewe sy, moet die volgende beslis vermeld word:

1. Daar word dikwels te maklik gespring van die prinsipiële besinning oor sake rakende die kerkverband en kerkvergaderinge na die praktiese uitlewing daarvan binne die Ned. Geref. Kerk. Die indruk word hierdeur gewek dat die realisering van beginsels soos dit by die Ned. Geref. Kerk voorkom, die normale is en eintlik so behoort te wees. Kritiekloos word sommige praktyke binne die Ned. Geref. Kerk bespreek sonder om dit selfs net te vergelyk met die situasie in ander kerke (soos die Gereformeerde Kerke in S.A.) wat ook dieselfde prinsipiële uitgangspunte handhaaf. Voorbeelde van hierdie kritieklose aanvaarding is talryk. Daar word slegs maar verwys na die posisie van die Sinodale Kommissie (bl. 70) en die Breë Moderatuur (bl. 85—90).

2. Hinderlik is die voortdurende verwysing na die bepalings van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. (soms wel aangevul met dié van die Noord-Kaapland, Natal en Wes-Kaapland). In 'n werk van hierdie omvang behoort daar kennis geneem te word van al die verskillende sinodes se bepalings — veral dan daar waar afwykings voorkom. So is dit byvoorbeeld op bl. 69 (waar die opening van 'n sinodesitting behandel word) onmoontlik om agter te kom of die situasie geteken word soos dit behoort te wees en of die situasie geteken word soos dit tans in die Vrystaatse Kerk geld. (In Noord-Transvaal neem afgevaardigdes byvoorbeeld nie meer hulle plekke volgens die ouderdom van die gemeentes in nie, en mag *elke lid* van die moderatuur nie meer as twee sittings in hul onderskeie ampte herkies word nie).

3. Die ernstigste kritiek kan egter, m.i. ingebring word teen die skrywer se aanvaarding, sonder meer, van die volgende: "Volgens art. 32 van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk word, in aansluiting by die beginselstandpunt van die Dordtse Kerkorde, bepaal dat die sinode saamgestel word uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik kan vergader." (bl. 62). Die gemaklike wyse waarop hierdie stelling gemaak word hou *eerstens* nie tred met art. 47 van die DKO wat soos volg lui nie: "Alle jaar (ten ware dat de nood eenen korteren tijd vereischte) zullen vier of vijf, of meer nagebuurden classen samenkomen, tot welke particuliere synode uit iedere classe twee dienaars en twee ouderlingen afgevaardigd zullen worden." En hierdie artikel is die gevolg van die voorafgaande sinodes se beskouing (sien A.D. Pont: *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*, HAUM, Pretoria 1981, bl. 234—235). Die DKO is weer hierin nagevolg deur die meeste Gereformeerde Kerke — uitgesonderd o.a. die Ned. Geref. Kerk wat op voetspoor van De Mist se Kerkorde die gemeentes laat afvaardig het na die sinode.

Die sg. getrapte wyse van afvaardiging (kerkraad na ring (klassis), ring na sinode, en sinode na algemene sinode) word algemeen aanvaar deur Gereformeerde kerke en skrywers. Kleynhans se summiere aanvaarding van die Ned. Geref. Kerk se wyse van afvaardiging na sinodes het, *tweedens*, tot gevolg dat hy nie met hierdie feit rekening hou wanneer hy 'n *synodus plena* contra 'n *synodus contracta* bespreek nie (sien bv. bl. 77, 152—155). *Derdens* word daar nie genoeg rekening gehou met die verskillende Gereformeerde skrywers se uitgangspunt hieroor wanneer die vraagstuk van 'n meerdere vergadering se sg. afgeleide of eie, selfstandige gesag bespreek word nie (bl. 142—151). In elk geval toon Kleynhans se aanvaarding van afvaardiging na sinodes dat hierdie saak nog nooit volledig binne Ned. Geref. Kerkverband bespreek is nie.

In die geheel bly hierdie werk beslis 'n verdienstelike toevoeging tot die kerkregtelike literatuur.

*P R du Toit*

P Rossouw, *Ekumeniese Besinning*, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1985, 202 pp. Prys R13,25.

Onder die oorkoepelende sambreel van ekumeniese besinning word in hierdie boek inderdaad 'n groot verskeidenheid van uiteenlopende temas byeengebring. Die skrywer begin met 'n verduideliking van die begrip ekumene. Daarna handel hy oor die Belydenisskrifte, die Kerk, die Genadeverbond, die Koninkryk van God en die Wêreld. Oor al hierdie temas word daar baie mooi dinge gesê maar die vraag wat deurgaans by die lees hiervan by 'n mens opkom is of die vlag werklik die lading dek. Die verband van alles wat gesê word met die ekumene is nie altyd duidelik nie. Die werk sou ook as 'n soort inleiding op die Dogmatiek beskou kon word. Dit lees moeilik omdat 'n te groot verskeidenheid van temas byeengebring is met te min van 'n eenheidsdraad wat hulle aaneenbind. Die ekumene wat in die titel opgeneem is, funksioneer in elk geval nie as die eenheidsdraad van die boek nie.

Die opset van die boek word egter ook bepaal deur die skrywer se siening van ekumene soos in hoofstuk 1 uiteengesit. Dit is 'n baie breë siening van die ekumene wat feitlik gelykgestel word met die totale kultuurmandaat van die mens en met die koms van die Koninkryk van God in sy totaliteit. Die vraag kom by 'n mens op: as alles ekumene is, bly daar dan nog iets van die ekumene oor? Op p. 13 beweer die skrywer dat die gebruik van die term ekumene om die verhouding tussen kerke aan te dui "'n ontoelaatbare en skadelike verskraling is". Is dit werklik die geval of het die term juis hierdie inhoud verkry? Dit is in elk geval ook soos dr C S Kotze die begrip in sy proefskrif gedefinieer het. Aan hierdie definisie het die skrywer nie aandag gegee nie. Om dieselfde rede het die skrywer ook min aandag gegee aan die Bybelse fundering van die eenheid van die kerk as liggaam van Christus. Die opset van die boek is dus bepaal deur die skrywer se wye opvatting van wat ekumene is, nl. "Die kerk se kultuurmandaat is sy ekumeniese roeping" (p. 15). So gesien word ekumene dan die kerk se stryd vir die koms van die Koninkryk. Dit het aanleiding gegee tot die breë opset van die boek.

Oor die verdere temas wat aangeraak word, nl. die kerk, die genadeverbond, die Koninkryk van God en die wêreld word mooi dinge gesê. Dit is jammer dat in die hoofstuk wat oor die Belydenisskrifte handel niks gesê word oor 'n praktiese aangeleentheid soos die Belhar-belydenis en die invloed wat dit het op kerklike verhoudinge binne die familie van Ned. Geref. Kerke nie.

Die boek kan na my mening dus eerder aanbeveel word oor die betekenisvolle dinge wat gesê word oor kerk, verbond, Koninkryk en wêreld as wat dit aanbeveel kan word as 'n handboek oor die ekumene.

*D Crafford*

W J van der Merwe, *The road ahead towards the unity of the D.R. family*, Lux Verbi, Kaapstad 1985, 55 pp. Prys R2,50.

Die boek is 'n verkorting in Engels van *Die pad vorentoe*, 1985.

Daar word 'n breë oorsig van die geskiedenis en huidige stand van sake van die NG Kerkfamilie t.o.v. eenheid en samewerking gegee. Die toename van kleurvooroordeel in die witkerk sedert die vorige eeu word geskets, en daarteenoor word aangetoon dat dié probleem noord van die Limpopo minder hewig was. In Malawi, Zambië en Zimbabwe het die rassespanning 'n ruk na onafhanklikheid verder gedaal, sodat daar huidig betreklike goeie samewerking tussen die NG Kerke van daardie gebiede en die wit NGK bestaan. Die spanning tussen die NG Kerke van Suid-Afrika het as hoofrede die stryd om die politieke mag. Tog kan die skrywer aantoon dat daar al vordering gemaak is in die stryd teen rasse-

vooroordeel in die wit NGK. Hy kan bv. noem dat daar al heelwat swart en bruin lidmate tot verskillende wit NG gemeentes toegelaat is. Hy herinner ons ook daaraan dat die lidkerke van die NG-familie reeds in 1974 tot 'n Belydenissinode toegestem het.

Die skrywer se eie standpunt is dat daar slegs een NG Kerk is. "It certainly is of primary importance to realize that the D.R. family really is *one church*. The young D.R. churches were constituted by officers of the N.G.K. They adhere to the same confessions as their mother church. They have not seceded from the N.G.K. or the D.R. family and have on many occasions openly expressed their desire for a closer D.R. unity" (p. 45). Die ideale sendingdoel is nie om onafhanklike etniese kerke tot stand te bring nie, maar die opbou van een kerk waarin daar ruimte is vir kultuurverskille, maar wat kultuur transendeer.

Hy toon die foute van die verlede duidelik maar sonder skerpheid aan. In verskeie optredes van die NGSK en die NGK kan skadelike politieke invloed waargeneem word, asook rassevooroordeel. Die kerkleiers behoort hierdie foute te erken.

Hy staan sterk by die jongste voorstelle van die Federale Raad van Ned. Geref. Kerke dat lidmaatskap oor en weer oop moet wees, en legitimasie oor en weer erken moet word. Hy pleit ook vir die opbou van veel sterker strukturele eenheid in die NG Kerkfamilie. Daarmee bedoel hy dan nie net die vier NG Kerke in Suid-Afrika nie, maar al dertien die betrokke Kerke in Afrika. Dit kan nie op die kerke afgeforseer word nie, maar die pad daarvoor moet geestelik voorberei word. Hy meen die Federale Raad se voorstel van 'n Ekumeniese Sinode is 'n goeie begin. A g v die groot geografiese verspreiding van die verskillende kerke van hierdie familie, sal die eenheidstrukture gedifferensieer moet word. Dit is onwaarskynlik dat een Algemene Sinode van die Kaap tot in Nigerië goed sal werk. Aan die ander kant behoort die Afrikaanssprekende NG Kerke vir wit en bruin tot op gemeentelike vlak te kan verenig.

Sy standpunt is dat die huidige adviserende gesag van die Federale Raad nie genoeg is nie, en dat ons bindende gesag aan sentrale strukture of een sentrale struktuur sal moet toeken. Dit sal beteken dat die lidkerke nie ten volle outonoom sal kan bly nie, maar dit is goed gereformeerd. Hy sien drie take vir die sentrale struktuur. Eerstens sal dit die eenheid van belydenis moet verseker. Tweedens kan belydenis en getuienis nie van mekaar losgemaak word nie, en sal dit die getuienis van die NG Kerkfamilie t o v die brandende sake van ons tyd moet saamsnoer. (Hoe pynlik is die huidige teensprake in ons getuienis nie!) Derdens sal dit moet sorg vir harmonie in die ekumeniese verbintenisse en optredes van die lidkerke.

Die boekie kan baie sterk aanbeveel word. Hier word ons verryk deur die breë visie van 'n man wat in verskillende dele van hierdie kerkfamilie gedien het, en ook lank voorsitter van die Federale Raad was. Die wyse waarop die geskiedenis van die laaste twee eeue op tafel gesit word, verbreed en verdiep die visie verder.

Die skrywer se voorstelle is gesond, en in pas met die ware gees van die NG Kerk. Hierdie laaste punt wil ek onderstreep. Ek meen dat ons in prof. Willie van der Merwe iets van die ware gees van die NG Kerk aantref, 'n wydheid en 'n geestelike balans wat nader aan ons hart lê as die groepselfsug wat die laaste dekades so in ons gewoed het.

*Willem Nicol*

D J Louw, *Pastoraat in eskatologiese perspektief*, N G Kerk-Uitgewers, Kaapstad 1984, 73 pp. Prys R6,85.

Op die vakterrein van die pastoraat is dr Danie Louw van die Teologiese Fakulteit van Stellenbosch in Suid-Afrika 'n bekende. Hy publiseer gereeld en laat hom in sy geskrifte ken as iemand wat met die stof waarmee hy besig is, worstel om tot nuwe gesigspunte te

kom. Dit geld ook van hierdie werkie, wat verskyn het in die Stellenbosse reeks *Teologie Aktueel 1984.*

Binne die bestek van sewentig bladsye toon die skrywer dat hy die literatuur op hierdie vakgebied ken en kan beoordeel en formuleer hy sy eie siening wat in die titel van die boek weerspieël word. Eskatologie formuleer hy dan soos volg: "Eskatologie is 'n begrip wat te doen het met die heilshistoriese en teleologies-toekomstige element van God se rykshandelinge. In Christus besit die eskatologie 'n perfektiese moment en in die Heilige Gees 'n presentiese en eksistensiële moment, terwyl dit as rykshandeling van God Drieënig in die geskiedenis ingaan en horisontaal verwys na 'n futuriese moment aan die einde van die geskiedenis" (p. 33). Nadat hy hierdie standpunt ontwikkel het, pas hy hierdie eskatologiese siening toe op die praktyk van die pastoraat deur te pleit vir wat hy noem "promissioterapie".

Uit die aangehaalde sin blyk dat die skrywer doelbewus probeer om die pastoraat in 'n teologiese raam te plaas. Omdat hy egter gebruik maak van 'n moeilik verstaanbare vakterminologie, maak hy dit wat hy skryf moeilik toeganklik vir die gemiddelde lesers, sodat hulle, nadat hulle dit gelees het, mag wonder wat hy eintlik wou sê. Dit beperk die bruikbaarheid van die boek.

*A J Smuts*

R C Lindeque, *Gaan maak jy ook so*, N G Kerkboekhandel, Pretoria 1985. 223 pp. Prys R18,50.

Hierdie boek dra die ondertitel: "Die maatskaplike werk van die Ned Geref Kerk." Dit is 'n verwerking van die proefskrif waarmee die skrywer, wat tans predikant in sinodale diens vir die Diens van Barmhartigheid in die Wes-Transvaalse sinodale gebied is, in 1982 aan die Universiteit van Pretoria in die maatskaplike werk gepromoveer het.

Die Ned Geref Kerk verkeer in die gelukkige posisie dat hy oor die dienste van meer as 300 opgeleide maatskaplike werkers beskik, maar daar is maar min — indien enige ander — predikante wat ook in hierdie rigting opgelei is. Juis om hierdie rede lewer die skrywer 'n besonder belangrike bydrae, want hy skryf sowel as teoloog as vanuit die gesigshoek van die maatskaplike werker.

In die tweede hoofstuk word onder die opskrif "Kerklike maatskaplike werk en die taak van die kerk" aan 'n aantal beginselvrae aandag gegee. Die grootste gedeelte van die boek word egter gewy aan 'n uitvoerige beskrywing van die historiese ontwikkeling van die saak waaroor dit gaan. Dit begin met die beskrywing van die kerklike barmhartigheidsdiens kort na die volksplanting in 1652 en loop deur tot die hede. Gedurende die eerste tydperk was daar nog nie sprake van iets soos maatskaplike werk in die moderne sin van die woord nie, maar wanneer dit by die meer resente tye kom, beperk die skrywer hom tot die ontwikkeling van die maatskaplike werk. Dit is 'n doelbewuste beperking, wat meebring dat hierdie werk oor slegs een aspek van die kerk se diens van barmhartigheid handel. Omdat dit hoofsaaklik 'n historiese studie is, word nie in die eerste plek aan die prinsipiële vraagstukke waarvoor die kerk in sy diens van barmhartigheid te staan kom, aandag gegee nie. Tog kom die skrywer in sy laaste hoofstuk tot sekere gevolgtrekkings, wat dan tot 'n aantal interessante aanbevelings aanleiding gee. Slegs twee daarvan word vermeld:

a. Daar word aanbeveel dat die Ned Geref Kerk dit vir hom ten doel moet stel om ten minste 75 persent van die totale uitgawes verbonde aan sy maatskaplike-werk-dienste uit eie fondse te voorsien. Indien hy daarin kan slaag, sal hy homself teen 'n oormatige afhanklikheid van die subsidies van die staat beskerm.

b. Verder word aanbeveel dat die kerklik maatskaplike werker volle kerklike erkenning behoort te geniet as vakkundige diaken.

Diegene wat in die diens van barmhartigheid belang stel, sal baat vind by hierdie boek. Dit is in helder en verstaanbare taal geskryf en gee 'n goeie oorsig van die ontwikkeling oor drie eeue en van die huidige stand van sake. Die boek is in 'n netjiese slapband uitgegee, met die gevolg dat die prys daarvan heel billik is vir 'n werk van hierdie omvang en kwaliteit. In die skaarse literatuur oor hierdie vakgebied sal dit 'n nuttige plek inneem.

*A J Smuts*

*Rondom die teekan.* Gesprekke oor konsekwente, positiewe, Christelike lewenswandel op die kampus, Instituut vir Reformatoriese Studie, Reeks F3, Nommer 25, PU vir CHO, Potchefstroom 1985, 144 pp. Prys R7,00.

Die Instituut vir Reformatoriese Studie van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys lewer reeds vir etlike jare 'n waardevolle bydrae in die prinsipiële besinning ten opsigte van die praktiese implikasies van die Skrifwaarhede in verskillende lewenssituasies. Deur middel van gereelde maandelikse studiestukke en periodieke versamelwerke is reeds 'n groot verskeidenheid lewensterreine ondersoek en belig vanuit die Skrif.

In *Rondom die teekan* word verskeie aspekte van die kampus- en studentelewe in die taal en idioom van die student bespreek met duidelike positiewe en praktiese riglyne. Dat die veertien skrywers (w.o. studenteleraars van al drie die susterskerke) van hierdie versamelwerk goed vertroud is met die situasie en problematiek van die studentelewe is nie alleen duidelik in die gemaklike skryfstyl (praatstyl) nie, maar veral ook in die keuse van die aktuele temas wat hier in behandeling geneem word. Daar word onder andere stilgestaan by die volgende sake waaroor elke student vir homself duidelikheid moet kry: akademie, selfbeeld, sleep, taalgebruik, kleredrag, drankgebruik, dans, volwassenheid, manlikheid, vroulikheid, vriende, toekomsverwagting en die keuse van 'n lewensmaat. Dit handel dus in hierdie boek oor die sake wat jy in die volle lewe dikwels die meeste nodig kry, maar waarin jy nooit amptelik eksamen geskryf het nie (p 10). Hoewel hierdie versamelwerk nie aanspraak maak op volledigheid nie, is dit tog 'n leemte dat die volgende belangrike sake nie aan die orde gestel is nie: politiek, volkereverhoudinge, kerk, geloofsekerheid, beroepskeuse en uiteindelike beroepsbeoefening.

Die meeste van die skrywers slaag daarin om op 'n bevatlike wyse die diepere Skrifwaarhede oor te dra in antwoord op belangrike vrae van die student. In enkele gevalle, soos byvoorbeeld die aflewerings oor *Positiewe, konsekwente Christenwees* (p 12—21) en *Baas of slaaf van myself* (p 22—33) bly die bespreking slegs in die algemeen, sonder om tot die werklike kern van die saak deur te dring. By die behandeling van die "dans-kwessie" kom die skrywer tot die gevolgtrekking dat daar "... so 'n sterk verband tussen die huidige dans en seks (is) dat dit baie maklik aanleiding kan gee tot voorhuwelikse geslagsgemeenskap en in baie gevalle inderdaad daartoe aanleiding gegee het." (p 75, 76). In sy hele beredenering van hierdie omstrede saak word die eie aard van die studente-danskultuur nie genoegsaam verreken nie en die skrywer se alternatief van "gemoderniseerde ... volkspele" (p 77) oortuig nie.

Hierdie versamelwerk het sy ontstaan gehad uit die geledere van studente en is vir studente geskryf. Studente en ander jongmense kan met groot vrug gebruik maak van hierdie "handleiding" vir Christen-studentwees. Enkele gedeeltes en illustrasies (akademie, p 5, 6; drankgebruik, p 66—68; dans, p 70—77) is spesifiek van toepassing op die kampussituasie van die PU vir CHO en mag vir die oningeligte leser ietwat vreemd voorkom.

*O S H Raubenheimer*

M Nel (red.), *Kerkjeug antwoord*, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1985, 61 pp. Prys R8,25.

'n Baie tydige en bruikbare boekie oor en vir die jeug deur vier persone wat daarvoor bekend is dat hulle die oor van die jeug het. Hierdie invoeling met die jeug en hulle problematiek kom duidelik in die vier hoofstukke tot uitdrukking. Elke skrywer behartig een hoofstuk.

Hoofstuk 1: Prof Hentie Boshoff: "Beeld van die kerklike jongmens van die tagtigerjare". Op skerpsinnige wyse ontleed hy die veranderinge op sosiale, kulturele en historiese gebied vandag, veral soos dit die jeug raak. Hy wys uit hoe dit die houdinge van die jeug verander. Die ontleding van die situasie is goed, veral as in aanmerking geneem word hoe moeilik dit is om so 'n ontleding gebalanseerd te maak. Die afleidings is meestal goed.

Hoofstuk 2: Prof Malan Nel: "Kerklike bediening aan die jongmens". Die hooflyne van die kerklike arbeid aan die jeug word duidelik aangegee. Die skrywer se vertrekpunt is die verbond, die erediens, die prediking, ens. Die kerklike bediening aan die jongmens word ideaal-tipies aangedui en hierin is dit suiwer en gebalanseerd.

Hoofstuk 3: Ds Henk Gous: "Kerklike jeugwerk; algemene organisatoriese toepassing". Die skrywer laat die lig val op die struktuur van die georganiseerde jeugwerk van die kerk. Steeds word rekening gehou met die veranderde omstandighede. Daar word aandag gegee aan die inskakeling van die jeug self en hulle betrokkenheid. Hierdie deel is uiters kort en daar kon met groot wins op verskeie ander aspekte gewys gewees het.

Hoofstuk 4: Ds Willie van Wyk: "Jeugarbeid in en deur die kerkjeugaksie". Hier word die jeugbeleid en die organisering van die jeugarbeid deurgetrek tot die praktyk van die kerkjeugaksie. Daar word aangedui hoe dit alles in die praktyk gestalte moet kry. Alles word baie kort en kursories gedoen. Dit is tegelyk die moeilikste deel van die jeugarbeid: om dit lewend in die praktyk te laat werk.

Die boek is duidelik en maklik geskryf en kan met gemak deur leraars, kerkraadslede en jongmense gelees word. Dit is mooi oorsigtelik en simpatiek geskryf. Met groot liefde word die jongmens se profiel vanuit verskillende gesigspunte geteken.

Die titel van die boek en die voorwoord suggereer dat die jeug self antwoord. Dit kom egter slegs indirek ter sprake. Immers, behalwe vir 'n refleksie op indrukke van jeugondersoeke, kom die jeug self nie aan die woord nie. Myns insiens sou dit 'n wins gewees het as van die jeug self 'n bydrae sou gelewer het.

Hierdie boekie word hartlik aanbeveel by elkeen wat op een of ander manier met die jeug en hulle geestelike versorging, te make het.

*A C Barnard*

A J Smuts (red.), *Die Woord aan die Werk,* N.G. Kerkboekhandel, Pretoria 1985, 259 pp. Prys R14,25.

Hierdie boek is 'n bundeling van referate wat by drie agtereenvolgende kongresse van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie gelewer is. Genoemde werkgemeenskap gee reeds vir baie jare die kongresreferate in boekvorm uit, maar hierdie is die eerste wat in 'n netjiese publikasie van die N.G. Kerkboekhandel verskyn. Dit is ook die eerste keer dat drie jaar se referate in een boek gebundel word. Vantevore is die boekies uitgegee onder die titel "Die Kerk se Werk". Hierdie uitgawe het die treffende titel "Die Woord aan die Werk". Die drie terreine waarop die Woord aan die werk is, wat hier behandel word is die kerklied, die prediking en die kategese. In een boek kry die leser dus 'n verskeidenheid van wetenskaplike artikels oor drie baie belangrike fasette van die kerk se werk.

Weens die aard van hierdie publikasie is daar 'n verskeidenheid skrywers se werk saamgebundel. In 'n kort resensie soos hierdie is dit dus onmoontlik om elke referaat af-

sonderlik te beoordeel. Oor die algemeen kan gesê word dat hier werk van hoogstaande gehalte gelewer word. Die aard van 'n wetenskaplike werkgemeenskap dwing referente om versigtig en suiwer wetenskaplik te werk te gaan. Wat ons dus hier het, is weloorwoë werkstukke. Tog is dit, met enkele uitsonderings, nie vir die nie-teoloog onleesbaar nie.

Wat opval in die eerste afdeling oor die kerklied, is die klem wat op die vrye kerklied geplaas word. Bybels gesien, kan die kerklied nie rigoristies benader word nie. Elke nuwe geslag moet weer van nuuts af die lof van God onder woorde bring. Dit behels ook die skep van liedere waardeur mense meegevoer kan word in hulle aanbidding van God.

In die gedeelte oor die prediking is daar veral drie bydraes wat uiters aktueel en interessant is. Die eerste is die van ds HJP Venter wat die belangrike saak van die verhouding van die persoon van die prediker en die preek behandel — 'n onderwerp wat sekerlik nog nie genoeg deurdink is nie. Verder is daar 'n baie prikkelende bydrae van dr MW Pretorius oor vorme en gestaltes in die prediking. Hierdie referent het werklik moeite gedoen om die nuutste ontwikkelinge op hierdie gebied na te vors en weer te gee. Sommige nuwe ontwikkelinge is vir ons totaal vreemd. Ons kan ons nie in 'n situasie indink waar 'n bibliodrama die plek van die preek inneem nie. Tog moet ons nie die fout maak om te dink dat die tradisionele monologiese preek die enigste sinvolle manier is waarop die evangelie verkondig kan word nie. Die derde referaat waarop ek die aandag wil vestig in hierdie afdeling, is dié van prof. Murray Janson oor hulpmiddels en praktiese preekvoordrag. Die skrywer kom met 'n verrassende aanpak. In plaas van net 'n klompie hulpmiddels te noem, steek hy af na die dieper vrae rondom die geheim van 'n suksesvolle preek. Hy lê klem op drie sake: (1) Persoonlike kommunikasie. Egte en warme persoonlike kommunikasie word deur die hele houding en gesindheid van die prediker bewerkstellig. (2) Die mense in hulle omstandighede en met hulle vrae moet ernstig geneem word. (3) 'n Preek is 'n vrye rede. Dit beteken egter nie swak voorbereiding nie. Inteendeel!

As ons punt 2 hierbo ook op die kategese van toepassing maak, naamlik dat die mense (kinders) volkome ernstig geneem moet word, dan is die een onderwerp wat aandag verdien in die derde gedeelte, dié van dr Millie Olivier: "Die kind in die kategese". Hoewel die kategese deesdae veel meer klem lê op die kind en sy uniekheid in die verskillende lewensfases, is hierdie 'n terrein wat nog meer aandag verdien. Dit is verblydend dat daar in die Praktiese Teologie met al groter erns geluister word na die bevindinge van die menswetenskappe. Hierdie bydrae van 'n pedagoog kan vir enige kategeet van groot waarde wees.

Vir iemand wat op die hoogte wil wees van die nuutste ontwikkelinge op die gebied van die Praktiese Teologie, veral in die afdelings Kerklied, Prediking en Kategese, is hierdie publikasie 'n moet.

*J C Müller*

*Venster op die Onderwys*, Instituut vir Reformatoriese Studie, PU vir CHO, Potchefstroom 1985, 147 pp. Prys R7,00.

**Inhoud**

Voorwoord
Ou Wyn in nuwe leersakke: 'n Inleidende oorsig
Prof J L van der Walt 1
1. Ouer en onderwyser op die kruispad — Prof B C Schutte 8
2. Kriskras kruispad — Prof S S Barnard 16
3. Tot hiertoe en hoe verder? — Mnr J H P van der Walt 26
4. Wanneer jy opstaan en gaan slaap: opvoeding in die ouerhuis vandag en môre — Dr S J Eloff 39

5. 'n Nuwe skool — Prof W A Landman 48
6. Die skool gaan huis toe — Mnr G S Niemann 56
7. Die huis gaan skool toe — Dr H J Steyn 63
8. Die ouer sê sy sê — ook in die fabriek — Prof D P J Smith 68
9. 'n Offer vir Mammon? — Prof I N Steyn 77
10. 'n Geloofsbelydenis as ereboog bo die ingang — Prof B C Schutte 83
11. Resepte sonder resultate — Mnr J H Coetzee 91
12. Ouerreg of ouervoorreg? — Prof H B Kruger 103
13. Die staat: dirigent en/of vennoot? — Prof H J S Stone 109
14. As die kerk sou wakker word ... Die kerk se betrokkenheid by die onderwys — Dr P C van der Westhuizen 116
15. Die skool op die markplein — Prof J L van der Walt 126
16. Wit, Geel, Bruin en Swart — en die skool — Prof A M Heyns 142

**Evaluering**

Die subtitel van hierdie bundel artikels is: Ouer en onderwyser op die kruispad in Suid-Afrika. Van verskeie kante lewer 15 opvoedkundiges bydraes in hierdie dringende besinning. Die besinning is veral bedoel as reflektering op die RGN-onderwysverslag in Oktober 1981. Hoewel die krisis op die kruispad telkens skerp belig word, is die gesindheid van die medewerkers positief en word die werklikhede van die Suid-Afrikaanse samelewing gelowig en verantwoordelik verdiskonteer. Hiermee word nie bedoel dat die artikels net maar 'n positiewe gesindheid weerspieël nie, inteendeel, hier is stof wat getuig van ernstige nadenke en deeglike wetenskaplike onderlegdheid.

In hierdie verband is die volgende artikels van besondere belang:

- Tot hiertoe en hoe verder? — J H P van der Walt
- Wanneer jy opstaan en gaan slaap — S J Eloff (veral vir ouers)
- Resepte sonder resultate — J H Coetzee (oor die Christelike karakter van die skool en leerstof)
- Ouerreg of ouervoorreg? — H B Kruger
- As die kerk sou wakker word — P C van der Westhuizen

So verdien ook die goedversorgde bibliografie waardering en open dit die veld vir die nuuskierige leser. Elkeen wat in hierdie tyd besin oor die onderwys — predikante, ouers, onderwysers en studente — moet goed kennis neem van hierdie publikasie.

Die lees van die publikasie word van harte aanbeveel.

*Malan Nel*

G Koen, *Wys my jou geloof*, NG Kerkboekhandel, Pretoria 1984, 46 pp. Prys R3,05.

Hierdie boekie deur die leraar van Rustenburg-Proteapark is 'n Bybelstudiegids oor Jakobus. Dit is reeds in 'n Bybelstudiegroep beproef en word nou hiermee aan 'n wyer leserskring ter beskikking gestel.

Vooraf gee die skrywer nuttige wenke oor hoe Bybelstudie in groepe gedoen moet word. Hy gee inligting oor die skrywer van die brief asook aan wie dit gerig is. 'n Interessante feit wat hy kon genoem het, is dat die kerkhervormer Martin Luther minder betekenis aan die Jakobusbrief toegeken het omdat dit volgens hom die regverdigmaking deur die geloof waarop Paulus klem gelê het, weerspreek het.

Die Bybelstudie word verdeel in vyftien studies en ek dink dat elke studie binne die bestemde tyd afgehandel sal kan word. Die outeur verduidelik sekere terme en gee nood-

saaklike inligting oor moeilike verse sodat die lesers kan begryp waarom dit gaan. So byvoorbeeld het hy by Jak 2:14 en volgende verse mooi verduidelik waarom dit nie in teenspraak is met Rom 1:17 nie.

Die vrae wat die skrywer stel om die bespreking te lei, vind ek baie goed en aktueel. Daar word byvoorbeeld soms direk gevra wat sekere verse vir ons in ons huidige situasie wil sê. Deur middel van kruisverwysings na ander tekste in die Bybel, word daar wel deeglik *Bybel*studie gedoen. Ek meen dat die lang aanhaling uit Barclay (bl 41—3) goedskiks maar kortliks in Afrikaans weergegee kon word. Die uitdrukkingswyse in Engels is so dat hy niks sou verloor deur dit in Afrikaans te vertaal nie.

Ek wil my groot waardering uitspreek vir die Bybelstudiegids en dit hartlik aanbeveel vir indiwidue en groepe. Mag dit sy weg in talle huise vind en aanleiding gee tot vrugbare Bybelstudie.

*C F A Borchardt*